‘n Goeie vennootskap sorg vir uitstekende besigheid

ROBERT KEIR, Kubota

Kubota en Trelleborg stap al ‘n lang pad saam in Suid-Afrika. “Ons werk reeds die afgelope 18 jaar lank nóú saam met Kubota. In hierdie tyd het ons die Kubota-handelsnaam se groot groei gesien onder die bestuur van Smith Power Equipment, die plaaslike verspreider in Suid-Afrika,” sê mnr Louw Joubert, produkbestuurder van Trelleborg Suid-Afrika.

‘n Goeie voorbeeld van hoe Trelleborg sy diens aan die landbou-bedryf lewer, is hoe hy trekkerbandomskakelings doen om aan produsente se vereistes te voldoen. ‘n Voorbeeld is die omskakelings van die standaard 480 x 85 x 38-bande op die Kubota M9540 na wyer turfbande (850 x 50 x 30,5). Dieselfde soort Kubota M9540-trekker se standaardbande is ook omgeskakel na nouer en hoër bande (230 x 90 x 38) vir ‘n groenteprodusent. Sommige van hierdie omskakelings was vanjaar by die Graan SA NAMPO Oesdag by die Trelleborg-stalletjie te sien. Hy verduidelik dat die verstelbare velling vir die wyer bande uit Swede ingevoer is. Die vaste, nouer vellings is plaaslik, volgens spesifikasies, vervaardig.

Loopvlakontwerp

Die kern van Trelleborg se gevorderde tegnologie is die onverbeterlike prestasie van sy ProgressiveTraction™, met vernuwende loopvlakpatroon en dubbelkantige spoor. Die band se loopvlakpatroon bied uitstekende vastrapeienskappe in verskillende toestande. Die breër basis van die loopvlakontwerp verminder vibrasies, slytasie en brandstofverbruik. Bo-op die patroon se wyer basis is ‘n smaller rif vir beter trekkrag. “Nóg ‘n belangrike eienskap van hierdie ontwerp wat doeltreffendheid verhoog, is hoe dit die tussenpatroon-terrasse op die band beklemtoon en die band se selfskoonmaakvermoëns verbeter,” sê hy.

“Die slotsom is dat die ProgressiveTraction-tegnologie tydens hoëwringkragtoestande beter as ons mededingers in dieselfde premieklas van trekkerbande presteer en baie beter as die gemiddelde trekkerband presteer,” sê Joubert. Hy sê die nuwe oppervlakpatroon verhoed dat die band diep in die grond wegsak. Die verhoogde veerkragtigheid van die sykante van die band verbreed die oppervlak wat met die grond kontak maak en verminder verdigting. ■

Trekkerbandom-skakelings kan nou gedoen word na byvoorbeeld wyer turfbande soos gesien kon word tydens vanjaar se NAMPO Oesdag.